Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

FEBRUARIE 2015

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20
Hermanus 7200

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24 Uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

WETSTOEPASSERS LOOF VAKANSIEGANGERS SE SAMEWERKING

Te danke aan die uitstekende samewerking van vakansiegangers en hoë sigbaarheid van Overstrand se wetstoepassers, het 2014/15 se feesseisoen byna insident-vry verloop. Was dit nie vir die tragiese verdrinking van die 20-jarige jongman by Kleinmond se strand op 29 November nie, sou dit ook fataliteit-vry gewees het.

Gegewe dat al Overstrand se strande vanaf die 19de Desember uiters bedrywig was (volgens aanduidings, het meer as twintigduisend mense Grotto besoek) en die skerp styging in verkeersvolumes wat oral in die gebied ervaar is, is dit inderdaad 'n prestasie om op trots te wees.

Volgens Lester Smith, waarnemende direkteur: Beskermingsdienste, het slegs een botsing by die aansluiting tussen die R44 en R43 tot ernstige beserings van 'n insittende van een van die twee betrokke voertuie aanleiding gegee. Soos wat in die verlede die geval was, het die meeste verkeersoortredings met spoed te make gehad (3 031 oortredings) met 'n motorfietsryer wat teen 'n spoed van 147 in 'n 60 km/u-sone in die Kleinmond-area gevang is bo-aan die lys. Tellings van inkomende verkeer wys dat tot soveel as 895 voertuie per uur die gebied op 12 Desember binnegekom het, met 736 voertuie wat die gebied op 4 Januarie per uur verlaat het.

Onordelike gedrag en 'n gedrinkery in die openbaar het tot gevolg gehad dat boetes in die orde van R24 000 aan strandbaljaarders uitgereik is. Dit was egter nodig om slegs vier persone te arresteer (drie by Onrus en een op Hawston se strand) aangesien Overstrand se amptenare, met die hulp van die SAPD, daarin geslaag het om die sakies sommer daar en dan by te lê. Gelukkig ook is geen kinders op ons strande as verlore gerapporteer nie.

Volgens die Brandweerhoof het streng monitering daartoe aanleiding gegee dat minder insidente op Oujaarsaand gerapporteer is met net 'n handjievol minderjariges en buitelandse besoekers wat teen die onwettige afvuur van vuurwerke gewaarsku moes word. Dit ten spyt is Overstrand se brand- en reddingsafdeling tussen 9 nm en 2 vm dieselfde aand tien keer weens veldbrande uitgeroep, waarvan vier brande beslis deur vuurwerke veroorsaak is. Ondanks sterk winde kon al die brande vinnig onder beheer gebring word.

By terugskoue is Smith van mening dat "danksy 'n hoogs doeltreffende, toegewyde en sigbare span, Overstrand se beskermingsdienste hulle met reg op sukses kan roem. Ons is egter 'n groot 'dankie' aan die publiek verskuldig wat meer as gewillig was om saam te werk. Selfs honde-eienaars het ewe gewillig ons verordeninge nagekom en hulle honde heeltyd aan leibande gehou. Baie dankie, julle!"

Van die redaksie: Kort voor die publisering van hierdie uitgawe het die Bulletin met leedwese verneem dat 'n verdere twee mense tragies op Sondag 11 Januarie 2015 by Hawston se strand verdrink het. Volgens ons bronne het die Raad onmiddellik 'n omvattende ondersoek na dié aangeleentheid gelas aangesien dit die eerste verdrinkings is wat sedert 2002 by Overstrand se Blouvlag-strande aangeteken is terwyl lewensredders aan diens was. (Die verdrinking by Kleinmond se strand op 29 November laasjaar het plaasgevind vóór Blouvlag-status op 15 Desember op daardie strand in werking getree het, wat daarop neerkom dat geen lewensredders ten tyde van die voorval op die strand aanwesig was nie.) Ons opregte meegevoel met die families.

LAER REËNVAL (NOG) NIE REDE TOT KOMMER

Ondanks die ondergemiddelde reënval wat in die lentemaande aangeteken is, staan die vlak van die De Bos-dam steeds op 90,6%. In Januarie 2013 was dit 96,2% en die jaar daarvoor 88,5% met die laagste vlak (34%) wat einde Januarie 2011 aangeteken is.

Dié gunstige vlak van die dam kan toegeskryf word aan die goeie samewerking van verbruikers, asook die deurlopende gebruik van boorgate.

Goeie reënval sedert 2012 het die gemiddelde jaarlikse reënval tot 624,5 mm opgeskuif, maar die totale reënval in 2014 het 754,5 mm teenoor 2013 se 941,2 mm gemeet.

Reën-valsyfers oor die afgelope drie jaar



VOËLFEES

As jy in voëls belang stel, mag jy hierdie voëlkykgeleentheid van die jaar nie misloop nie.

Die Stanford-voëlklub en die Hermanus-voëlklub het kragte saamgesnoer om einde Februarie die eerste Walkerbaaise Voëlfees, met Stanford as basis, aan te bied. Dit sal iets spesiaals vir almal bied, van ernstige voëlkykers tot terloopse tuinvoëlkykers.

Oor die vier dae vanaf Woensdag 25 Februarie sal jy onder leiding van kundige gidse die geleentheid hê om algemene en seldsame voëls op land, op die rivier en op die oseaan op te spoor. So kan jy byvoorbeeld dalk die ikoniese Kaapse berglyster by Rooi-Els sien, die skaam woudapie op die Kleinrivier, albatrosse op vaarte na Dyer-eiland en 'n veldpou op 'n uitstappie na De Mond.

Op die laaste twee dae sal internasionale en Suid-Afrikaanse top voëlkenners die merkwaardige simbiotiese verwantskap tussen insekte, voëls en diere aan jou verduidelik, jou leer hoe om roofvoëls te identifiseer, jou wys hoe om beter foto's van voëls te neem, en vele meer.

Meer inligting oor die Walkerbaaise Voëlfees kan verkry word op www.stanfordbirdclub.co.za. Jy kan ook gerus Liz Hochfelden by 082 766 8319 of 028 341 0164 skakel.

GANSBAAI NEEM DIE VOORTOU MET WATERSUIWERING

Met die onlangse inbedryfstelling van die Baardskeerdersbos-waterwerke, die derde binne sy gebied wat van membraan-skeidingsprosesse gebruik maak, kan die Gansbaai-administrasie hom nou daarop roem dat hy aan die voorpunt van drinkwatersuiweringstegnologie staan.

In suiweringswerke soos hierdie word ultra- en mikrofiltrasieprosesse gebruik om partikels, kolloïde en makromolekules te verwyder om te verseker dat water wat voldoen aan die SANS se streng standaarde vir drinkwater aan inwoners voorsien word.

Voorts sal die nuwe boorgate wat saam met dié waterwerke oor 'n tydperk van 16 maande teen 'n totale koste van R7 miljoen voltooi is, verseker dat inwoners van hierdie ongerepte juweel in die Overstrand nie binne die afsienbare toekoms oor 'n standhoudende bron van gesuiwerde water bekommerd hoef te wees nie.

Karwyderskraal se nuwe sel na verwagting teen April gereed

Die bou van 'n nuwe sel by die Karwyderskraal-stortingsterrein vorder goed, en alle aanduidings is dat Hangklip-Kleinmond en Groter Hermanus se afval vanaf April vanjaar weer daarheen herlei gaan word. Die kontrak om die nuwe sel te bou, is na afloop van 'n tenderproses aan die maatskappy Burger & Wallace toegeken.

'n Ooreenkoms is onderteken tussen Overstrand en die werklike eienaars van hierdie stortingsterrein, synde die Overberg Distriksmunisipaliteit, waarvolgens die sel vir sy lewensduur deur Overstrand onderhou en bedryf sal word, waarna die bedryf daarvan terug sal val na die Overberg Distriksmunisipaliteit.

SUKKEL OM JOU MUNISIPALE REKENING TE BETAAL?

OORWEEG DIT OM VIR DEERNISHULP AANSOEK TE DOEN

Volgens Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie is die munisipaliteit maar al te bewus daarvan dat baie mense sukkel om hulle finansiële verpligtinge na te kom. "Veral aan die begin van die jaar wanneer baie huishoudings moet raap en skraap om skoolgelde te betaal en om kinders vir die nuwe skooljaar uit te rus, sal dit hartseer wees as munisipale dienste opgeskort moet word omdat inwoners nagelaat het om betyds reëlings vir die vereffening van hul rekening te tref of om vir deernishulp aansoek te doen," het sy gesê.

Om vir deernishulp te kwalifiseer, mag die totale huishoudelike inkomste nie die som van vier keer die bedrag van die staatsbefondsde maatskaplike pensioen per maand oorskry nie, ongeag die munisipale waardasie van die eiendom. Die gebruik van die eiendom moet hoofsaaklik privaat- residensieel wees, die gemiddelde maandelikse verbruik van elektrisiteit deur die huishouding moes oor die vorige 12 maande nie 400 kW oorskry het nie, en die gemiddelde maandelikse verbruik van water deur die huishouding oor die vorige 12 maande moes nie meer as 18 kℓ gewees het nie. **Voorts moet die aansoeker:**

- die geregistreerde eienaar, die erfgenaam van 'n bestorwe boedel of 'n party by 'n egskeiding wees;
- nie die geregistreerde eienaar van meer as een eiendom wees nie;
- 'n voltydse bewoner van die eiendom wees.

Om uit te vind of jy vir deernishulp kwalifiseer, neem die volgende saam na jou naaste munisipale betaalkantoor:

- RSA-identiteitsdokument as jy ouer as 18 is of 'n afskrif van jou geboortesertifikaat as jy nog nie 18 is nie;
- mees onlangse salaris/loonstrokie of brief van die werkgewer om alle bewoners se inkomste te bevestig;
- 'n beëdigde verklaring om inkomste te verklaar indien jy selfwerksaam is;
- bewys van gestremdheid-, pensioen- of onderhoudstoelaag;
- 'n beëdigde verklaring van werkloosheid en dat daar geen ander bron van inkomste is nie;
- 'n bankstaat vir die afgelope drie maande;
- egskeidingsbevel of hofbevel;
- dokumente wat met 'n bestorwe boedel verband hou; en
- mees onlangse munisipale rekening.

In geval van 'n huurder, word 'n afskrif van die huurkontrak, eienaar se identiteitsdokument en 'n toestemmingsbrief van die eienaar om vir deernishulp aansoek te doen, verlang. Let ook daarop dat 'n deposito betaalbaar sal wees om 'n huurdersrekening te open.

Sluiting van Sandbaai se mini-oorlaaistasie

Wyk 7 se wykskomitee het in November 2014 eenparig ooreengekom dat die mini-oorlaaistasie geleë te Langstraat, Sandbaai geheel en al afgebreek en verwyder moet word.

Oorspronklik ingestel vir die gerief van naweekbesoekers en bewoners van vakansiehuise wat nie 'n plek gehad het waar huishoudelike afgeval gelaat kon word wanneer hulle vertrek nie, het die mini-oorlaaistasie nooit werklik daarin geslaag om sy doel te vervul nie. Ondermeer het permanente inwoners 'n gewoonte daarvan begin maak om bourommel, tuinvullis en uitgediende meubels by die terrein te stort - 'n praktyk wat nie net onwettig is nie maar ook vullisdeursoekers lok wat veroorsaak dat "storters" op hulle beurt lastiggeval word deur mense wat om aalmoese bedel.

Aangesien die wyk deur 'n hoogs doeltreffende stelsel vir die verwydering van huishoudelike afval bedien word en gegewe dat die mini-oorlaaistasie in elk geval verskuif sou moes word om plek te maak vir 'n kerk wat binnekort in die omstreke opgerig gaan word, is daar besluit dat die terrein in sy geheel gesluit moet word.

Inwoners word daaraan herinner dat huishoudelike afval slegs op die bepaalde vullisverwyderingsdag op sypaadjies uitgeplaas moet word. Diegene wat hulle huise periodiek uitverhuur, moet reëlings met die bure tref om dit namens besoekers te doen indien laasgenoemde vóór die amptelike vullisverwyderingsdag sou vertrek.

Let ook daarop dat slegs een sak tuinvullis per huishouding per verwyderingsdag toelaatbaar is. Alle oortollige tuinvullis en ander "abnormale afval" soos bourommel, oorbodige meubelstukke, gevaarhoudende stowwe en uitgediende elektroniese toestelle moet deur die inwoners self na die hoofoorlaaistasie in Mbekistraat vervoer word.

Mbekistraat is die nuwe parallelle pad wat vanaf Schulphoek- tot Swartdamweg loop en Mount Pleasant met Zwelihle verbind.

"2015 IS MY OMGEE-JAAR"

Gegewe die taai jaar wat vir 2015 voorspel word, sê Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie dat vanjaar 'n omgee-jaar gaan wees met wedersydse respek aan die orde van die dag.

Sy wil graag die volgende leuse met mede-Overstranders deel:

Before you assume, learn the facts.
Before you judge, understand why.
Before you hurt someone, feel.
Before you speak, think.

Voorts sê Botha-Guthrie dat die Raad maar al te bewus is van die volgehoue stygings in lewenskoste en dat beurtkrag, vir die afsienbare toekoms ten minste, onvermydelik deel van alle Suid-Afrikaners se lewens gaan wees.

Van sy kant af gaan die Raad sorg dat die kapitaalbegroting ten volle benut word, selfs al is die hulpbronne tot sy beskikking maar al te dikwels beperk. Uiteraard sal daar ook in alle erns van produktiwiteit, dienslewering en goeie staatsbestuur werkgemaak word, onderwyl die Raad beloof om nie 'n aks te wyk van sy zero-toleransie-benadering tot verkwistende en bedrieglike praktyke nie.

Stiptelike betaling van munisipale rekeninge gaan noodgedwonge al hoe belangriker word, en Botha-Guthrie raai alle inwoners aan om eerder vroeër as later die nodige reëlings te tref indien hulle vermoed dat hulle nie hul verpligtinge teenoor die munisipaliteit sal kan nakom nie (sien berig oor deernishulp elders in hierdie uitgawe).

Musiekfees op spyskaart

OAK gaan twee konserte vir musiekliefhebbers aanbied gedurende Februarie in die Ouditorium, Hermanus.

Op die 15de tree die Duitse **KARLSRUHER KONZERT** (tjello/klavier) **DUO** op om 15h30. Op die 28ste tree **CONNECTIONS**, 'n saksofoonkwartet (vanuit Frankryk en Suid-Afrika) op om 19h00.

KARLSRUHER DUO

CONNECTIONS

Kaartjies kos R120 (R60 vir studente). Skakel BELLINI by 028 312 4988 om te bespreek. Navrae: René du Plooy - 082 940 4238